FINWEEK (Afrikaans)
19 Nov 2009
Page : 12 #

BESTUUR

Hoe platter hoe beter

PLAASLIKE en ook buitelandse sakeondernemings vind dat, om doeltreffender en vinniger by die veranderende sakelandskap aan te pas en in die proses meer aanpasbaar en markgedrewe te funksioneer, hulle na platter, gedesentraliseerde bestuurstrukture moet omskakel. Daar is in werklikheid al hoe meer klem op "horisontale bestuur".

Prof. Michael Osbaldeston, voormalige dekaan van Brittanje se Cranfield School of Management en 'n oud-voorsitter van die Association of Business Schools, sê dié veranderinge dwing maatskappye om toenemend op mense te steun en nie meer soveel op stelsels en prosedures nie.

"Sakeleiers gaan uiteindelik baie van die probleme oplos wat die afgelope twee jaar weens die finansiële krisis ontstaan het, maar die konsep van radikale verandering – 'n gevolg van die krisis – is blywend," het hy in 'n onlangse praatjie by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) gesê. "Môre se sakeleiers gaan te make kry met 'n sakewêreld wat drasties verander en toenemende druk ervaar weens die groeiende mededinging van globalisering. Hulle gaan te make hê met selfs hoër vlakke van persoonlike uitdagings en die stres waarmee dit gepaardgaan."

Volgens Osbaldeston beteken dit dat selfs tradisionele sakeskole die druk gaan voel. "Teorie en akademiese navorsing is uit," maan hy. "Dit is noodsaaklik dat sakeskole selfs meer met die sakewêreld sal moet integreer."

Dié wat dit nie regkry nie, sal kwyn.

JOHANN VAN ZYL
johann@finweek.co.za